

Lees die dialoog: Herwin en wen

Edwin en Frieda loop van die winkel af huis toe. Edwin eet 'n pakkie skyfies en Frieda suig 'n suigstokkie.

Edwin: Ai, dis my laaste skyfie. Dit was lekker. (Hy gooi die papier op die grond.)

Frieda: Edwin, wat doen jy!
Jy kan nie net die papier neergooi nie.

Edwin: Wat? Hoekom nie? Dis net 'n papier.

Frieda: Wat jy nou doen is rommel strooi. Dit besoedel die wêreld.

Edwin: Ag wat maak dit saak.
Almal doen dit. Watter verskil gaan nog 'n papier maak?

Frieda: Hoe sal die aarde lyk as almal soos jy dink?

Edwin: My oom sê dis goed as jy papiere en goed in die straat neergooi, want dan kan die munisipaliteit iemand werk gee om dit skoon te maak.

Frieda: Dis verskriklik! Hoe kan hy so sê? Dis hoekom daar nie geld is om ons parke te verfraai en die paaie reg te maak nie. Hulle moet geld mors om morsjorse se



rommel skoon te maak. Die mense wat strate skoonmaak kan nie gelyktydig oral wees nie. Voor hulle by die papier of blikke kom, het die wind dit die veld ingewaai of iemand het dit in die stormwatersloot geskop en dit beland in die rivier.

Edwin: Ja, dit is seker so.

Frieda: Herwinning gee in elk geval vir meer mense werk as rommelstrooiery. Om ordentlik te herwin, moet die yslike hope rommel deur baie mense sorteer word. Dit kan masjiene nie doen nie. Dan moet die rommel gewas word, wat nog mense werk gee.

Edwin: Sjoë, regtig? Ek het dit nie geweet nie.

Frieda: Ja! Daar is mense wat die mooiste dinge van weggooigoed maak. Daar is 'n vrou wat altyd haar stalletjie op ons hoek opslaan. Sy verkoop goed wat uit rommel gemaak is, soos helder blomme wat sy uit plastiekhouders gemaak het en matjies wat sy van ou sykouse gevleg het. Dis tog te pragtig.

Edwin: Haai, dalk kan ek ook geld maak uit rommel!

Frieda: Jy kan! As jy blikkies, bottels of koerante bymekaar maak en dit na 'n plek toe neem waar dit herwin word, betaal hulle jou per kilogram.

Edwin: Dink net hoeveel geld kan ons skool insamel as almal help rommel herwin!



Beantwoord die volgende vrae in volsinne.

- Waar het Edwin die papiere gegooi?
- Wat sal die munisipaliteit doen as papiere in die straat neergegooi word?
- Waar beland al die papiere en die blikke voor die skoonmakers dit kan optel?
- Wat word met die yslike hope rommel gedoen om dit te herwin?
- Wat beteken dit as jy sê iemand is 'n morsjors?

Skryf elke sin oor as 'n vraagsin. Begin met die woorde tussen hakies.

- Hy gooi die papier op die grond. (Wat.....?)
- Rommelstrooi besoedel die wêreld. (Wat.....?)
- Die wind het die papier en die blikke die veld ingewaai. (Waar.....?)
- Rommel kan deur masjiene sorteer word. (Hoe.....?)

MEMO

Beantwoord die volgende vrae

- Waar het Edwin die papier gegooi?
Edwin het die papier op die grond gegooi.
- Wat sal die munisipaliteit doen as papiere in die straat neergegooi word?
Die munisipaliteit sal vir iemand werk gee en vra om die papiere op te tel.
- Waar beland al die papiere en die blikke voor die skoonmakers dit kan optel?
Die papiere word in die veld ingewaai of beland in die stormwatersloot wat die papiere na die riviere te neem.
- Wat word met die yslike hope rommel gedoen om dit te herwin?
Die hope rommel moet deur mense sorteer word.
- Wat beteken dit as jy sê iemand is 'n morsjors?
Dit is wanneer iemand rommel strooi/ vuilgoed neergooi/die omgewing besoedel met papiere en gemors.

Skryf elke sin oor as 'n vraagsin. Begin met die woorde tussen hakies.

- Hy gooi die papier op die grond. (Wat.....?)
Wat gooi hy op die grond?
- Rommelstrooi besoedel die wêreld. (Wat.....?)
Wat besoedel die wêreld?
- Die wind het die papier en die blikke die veld ingewaai. (Waar.....?)
Waar het die wind die papier en blikke ingewaai?
- Rommel kan deur masjiene sorteer word. (Hoe.....?)
Hoe kan rommel sorteer word?